education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2011

10710A

REKENINGKUNDE

17 Bladsye

PUNTE: 300
TYD: 3 UUR

REKENINGKUNDE + ANTWOORDBOEK
1071A

10710A
X10

KOPIEREG VOORBEHOU

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig en volg hulle noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK is verskaf waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn om die vraestel te beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte; 21 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek is:**
Bankversoening	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS4 Bankrekonsiliasie en interpretasie LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Pas interne kontrole en ouditprosesse toe

VRAAG 2: 40 punte; 24 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek is:**
Voorraadwaardasie en BTW	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS7 Pas BTW beginsels toe LU3 Bestuur van hulpbronne - AS4 Voorraadwaardasie

VRAAG 3: 45 punte; 27 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek is:**
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS2 Voorbereiding, analisering en verslagdoening van koste-inligting

VRAAG 4: 70 punte; 42 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek is:**
Finansiële state van 'n maatskappy	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Inkomstestaat van 'n maatskappy - AS6 Analiseer die ouditverslag LU3 Bestuur van hulpbronne - AS5 Gedragskode - AS6 Pas interne kontrole en ouditprosesse toe

VRAAG 5: 80 punte; 48 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek is:**
Kontantvloeistaat, Verdelingsrekening Ontleding en vertolking.	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Finansiële state en ontleding

VRAAG 6: 30 punte; 18 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek is:**
Kontantbegroting, Debiteure-invordering	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS3 Analise en kontantbegroting

VRAAG 1

BANKVERSOENING EN INTERPRETASIE (35 punte; 21 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Bankversoeningstate.

GEVRA:
Beantwoord die volgende vrae:

1.1 BONGI HANDELAARS
Jy is die interne ouditeur van Bongi Handelaars.
Jou ondersoek het aan die lig gebring dat die nuutaangestelde boekhouer sukkel om sekere belangrike aspekte te verstaan.
Jy moet die volgende sake kortliks aan haar verduidelik:

1.1.1 Die boekhouer voel dat jy gedurig haar werk nagaan.
Verduidelik kortliks aan haar wat jou werk as interne ouditeur van jou vereis. (3)

1.1.2 Jy kom agter dat die boekhouer vir die afgelope drie maande nie bankversoeningstate opgestel het nie. Verduidelik kortliks aan haar hoekom dit baie belangrik is om dit aan die einde van elke maand op te stel. (3)

1.2 MAPS WINKELS
Gebruik die onderstaande inligting geneem uit die boeke van Maps Winkels om die volgende vrae te beantwoord:
Verduidelik kortliks watter aksie in elk van die volgende gevalle geneem moet word met die voorbereiding van die bankversoening vir Junie 2011. Gee 'n rede vir jou aksie in elke geval.

1.2.1 Tjek nr. 215 verskyn nie op die bankstaat vir Junie nie. (4)

1.2.2 Tjek nr. 667 verskyn op die bankstaat vir Junie, maar nie in die KBJ nie. (4)

1.2.3 Tjek nr. 668 verskyn nie op die bankstaat vir Junie nie. (4)

1.2.4 Bereken die volgende op 30 Junie 2011. Toon berekeninge.

- Die syfer vir bankkoste wat in die boeke vir Junie sal verskyn (4)
- Die korrekte totaal vir die bankkolom in die KOJ vir Junie (4)

1.3 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2011 op. (9)

INLIGTING:

1. Die volgende Bankversoeningstaat is op 31 Mei 2011 in die boeke van Maps Winkels opgestel, (die einde van die vorige maand)
   - Gunstige saldo in die Bankstaat, R962
   - Uitstaande deposito (gedateer 31 Mei 2011), R1 340
   - Uitstaande tjeks:
     Nr. 215 (gedateer 31 Desember 2010), R180
     Nr. 667 (gedateer 25 Mei 2011), R2 200
     Nr. 668 (gedateer 2 Junie 2011), R660

   Saldo volgens Bankrekening in die Algemene Grootboek R738 Kt

2. Voordat die Bankstaat vir Junie 2011 ontvang is, het die volgende voorlopige totale in die Kontantjoernale op 30 Junie 2011 verskyn:
   - KOJ R33 220
   - KBJ R40 921

3. Die volgende items het in die kontantjoernale vir Junie voorgekom, maar nie op die Bankstaat vir Junie nie:

   - Tjek nr. 672 (gedateer 12 Junie 2011) R700
   - Tjek nr. 673 (gedateer 31 Oktober 2011) R300
     Deposito (gedateer 30 Junie 2011) R1 500

4. Die Bankstaat vir Junie 2011 toon die volgende items wat nie in die Kontantjoernale vir Junie 2011 voorgekom het nie:

   - Deposito (gedateer 31 Mei 2011) R1 340
   - Tjek nr. 667 (gedateer 25 Mei 2011) R2 200
   - Stoporder ten gunste van Old Mutual Maatskappy, R920
   - Rente op oortrokke rekening, R360
   - Diensgeld, R332
   - Kontantdepositofooi, R443
   - Kredietkaartkommissie, R596
   - Direkte deposito deur 'n debiteur; R3 150 om 'n rekening vir R3 200 te vereffen.

5. Die volgende verskille het voorgekom: (30 Junie 2011)

   - Tjek nr. 215 (gedateer 30 November 2010) is verouder en moet gekanselleer word.
   - Tjek nr. 670 verskyn op die Bankstaat vir Junie as R360. Dit was die korrekte bedrag vir die tjek. Dit het per abuis in die KBJ verskyn as R260.
   - Alle ander tjeks uitgereik en deposito's gedurende Junie gemaak, was korrek en het op die bankstaat vir Junie verskyn.
   - Die Bankstaat het 'n ongunstige saldo van R7 700 getoon.

VRAAG 2

VOORRAADSTELSELS EN BTW (40 punte; 24 minute)

TV Handelaars voer een tipe televisie van Japan af in en verkoop dit. Televisies word ingevoer en word in VSA dollars betaal. TV Handelaars het die **periodieke voorraadstelsel** en die **geweegdegemiddelde metode** vir die waardasie van voorraad gebruik sedert die begin van die finansiële jaar, 1 Julie 2010.

Die finansiële direkteur van TV Handelaars is bekommerd oor watter invloed die fluktuasies in die wisselkoers op die finansiële resultate sal hê. 'n Vriend van hom het voorgestel dat hy met die opstel van sy boeke die EIEU-metode moet gebruik.

Die finansiële direkteur het jou gevra om 'n vergelyking vir hom voor te berei. Hy is ook bekommerd oor moontlike voorraadverliese.

GEVRA:

2.1.1 Stel 'n vergelyking op vir die waarde van slotvoorraad deur beide die geweegde-gemiddelde en EIEU-metodes van voorraadwaardasie te gebruik. (13)

2.1.2 Toon hoe die verandering van die geweegdegemiddelde-metode na die EIEU-metode die bruto wins van die onderneming sal beïnvloed. (2)

2.1.3 Bereken die koste van verkope deur die EIEU-metode te gebruik. (6)

2.1.4 Bereken die aantal verlore items. (5)

2.1.5 Watter oplossings sal jy aan die finansiële direkteur voorstel om die probleem van die verlore items op te los? Verskaf TWEE goeie oplossings. (4)

[30]

INLIGTING:

1. Voorraad Televisies (1 Julie 2010) 24 eenhede @ R3 600 elk
   Voorraad Televisies (30 Junie 2011) 144 eenhede

2.

Aankope		
Krediteurekontrole	1 November 2010	192 @ R4 200 elk
Bank	1 Februarie 2011	168 @ R6 000 elk
Krediteurekontrole	1 Mei 2011	96 @ R7 200 elk
Totaal		456 = R2 505 600

3. Invoerregte op aankope R89 000 op 1 November 2010

4. Vraggeld op verkope R9 000

5. Vraggeld op aankope R7 000 op 1 Mei 2011

6. Verkope vir die jaar 308 eenhede, R2 167 200

2.2 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Laser Winkels vir JUNIE 2011. Alle goedere gekoop en verkoop deur Laser Winkels is onderhewig aan 14% BTW.

GEVRA:

Bereken die bedrag BTW betaalbaar aan/deur SAID op 30 Junie 2011 en dui aan of die bedrag verskuldig is aan of betaalbaar is deur SAID.

Toon ALLE berekeninge. Grootboekrekeninge vir BTW word nie verlang nie, maar jy mag grootboekrekeninge gebruik om jou antwoord te bereken. (10)

INLIGTING:	BTW uitgesluit	BTW ingesluit
Voorraad per tjek aangekoop	R1 760 000	?
Toerusting per tjek aangekoop	R40 000	R45 600
Verkope van goedere vir kontant en op krediet	?	R930 240
Goedere deur klante teruggestuur	R48 000	R54 720
Korting aan debiteure toegestaan met vereffening van hul rekeninge	R4 000	?
Onttrekking van voorraad deur die eienaar	R24 000	R27 360
Oninbare skuld	?	R18 240

40

VRAAG 3

VERVAARDIGING (45 punte; 27 minute)

3.1 HEEDA BAGZ

Jy word van inligting voorsien aangaande die finansiële jaar van Heeda Bagz geëindig 30 Junie 2011. Dit is 'n vervaardigingsonderneming wat spesialiseer in die produksie van een tipe leerhandsak.

GEVRA:

3.1.1 Pas die koste in **KOLOM A** by 'n toepaslike koste-item in **KOLOM B**.

	KOLOM A		KOLOM B
1	Direkte materiaalkoste	A	Waardevermindering op fabriekstoerusting
2	Direkte arbeidskoste	B	Kommissie aan verkoopsagente
3	Fabrieksbokoste	C	Salaris betaal aan rekenmeester
4	Administratiewe koste	D	Leer van verskaffers aangekoop
5	Verkoops- en verspreidingskoste	E	Lone betaal aan fabrieksmasjienoperateur

(5)

3.1.2 Stel die nota van die **Koste van Klaarprodukte Verkoop** op (13)

3.1.3 Stel die **Produksiekostestaat** vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 op (13)

3.1.4 Bereken die Netto Wins vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 (4)

INLIGTING:

1. Daar was geen goedere-in-bewerkingvoorraad aan die begin of aan die einde van die finansiële jaar nie.
2. Daar was voorraad klaarprodukte sowel aan die begin as aan die einde van die finansiële jaar. Die koste van die sakke het konstant gebly oor die twee jaar.
3. Verkoopsprys per sak, R120.
4. Direkte materiaalkoste per sak, R25.
5. Primêre koste per sak, R55.
6. Totale koste van voltooide sakke, R760 000.
7. Getal sakke gedurende die jaar voltooi, 10 000.

8. Getal sakke gedurende die jaar verkoop, 12 000.

9. Getal onverkoopte sakke aan die einde van die finansiële jaar, 300.

10. Administratiewe koste vir die jaar het R198 000 beloop.

11. Verkoops- en verspreidingskoste vir die jaar het R156 000 beloop.

12. Die Bruto wins vir die jaar was R528 000.

3.2 SPARK VERVAARDIGERS

Die onderneming vervaardig sakrekenaars.

Die onderstaande inligting is van toepassing op die jaar geëindig 30 Junie 2011.

Getal sakrekenaars vervaardig	15 000
Verkope vir die jaar (alle vervaardigde sakrekenaars is verkoop)	R1 650 000
Totale vaste koste	R440 000
Totale veranderlike koste	R1 050 000

3.2.1 Verduidelik hoekom dit belangrik is vir 'n vervaardigingsonderneming om elke maand die eenheidskoste asook die gelykbreekpunt te bereken. (2)

3.2.2 Gebruik die bostaande syfers om die gelykbreekpunt te bereken. (5)

3.2.3 Lewer kommentaar oor jou berekening in VRAAG 3.2.2. Verduidelik kortliks. (3)

[45]

VRAAG 4

FINANSIËLE STATE EN VASTE BATES **(70 punte; 42 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van CHAPS BEPERK, aan die einde van die finansiële jaar 30 Junie 2011.

Gevra:

4.1 Stel die Inkomstestaat van CHAPS Beperk op vir die jaar geëindig 30 Junie 2011. Jy hoef nie die notas vir Rente Inkomste en Rente Uitgawe op te stel nie – toon slegs die syfers tussen hakies. (48)

4.2 Voltooi die volgende notas by die Balansstaat:

4.2.1 Vaste/tasbare bates (12)

LET WEL: Sommige syfers is reeds vir jou ingevul – verwys na jou ANTWOORDBOEK.

Uittreksels uit die Vooraansuiweringsproefbalans van CHAPS Beperk soos op 30 Junie 2011

BALANSSTAAT-AFDELING	DT	KT
Gewone aandelekapitaal		600 000
Behoue inkomste		12 500
Verbandlening: Leaf Finansiers		285 000
Vaste deposito: Heeda Bank	50 000	
SAID: Inkomstebelasting	200 000	
Voertuie teen kosprys	260 000	
Toerusting teen kosprys	230 000	
Opgelope waardevermindering op voertuie		120 000
Opgelope waardevermindering op toerusting		85 000
Handelsvoorraad	219 000	
Voorsiening vir oninbare skuld		5 000
NOMINALEREKENINGE-AFDELING		
Bateverkope	50 000	

Aansuiwerings en addisionele inligting:

1. Die water-en-elektrisiteitsrekening vir Junie 2011 van R800 is nie geboekstaaf of betaal nie.

2. Gedurende die jaar is addisionele grond en geboue aangekoop.

3. Eiendomsbelasting is 3% van die waarde van grond en geboue op 30 Junie 2011.

4. 'n Debiteur het beskadigde goedere ter waarde van R2 600 teruggestuur. Die winsopslag op hierdie goedere was 60% op kosprys. Die goedere is onmiddellik aan die verskaffer teruggestuur. Geen inskrywings is hiervan gemaak nie.

5. Rente van R775 moet op debiteure se agterstallige rekeninge gehef word. Daarna moet die voorsiening vir oninbare skuld tot R4 300 aangesuiwer word.

6. 'n Fisiese voorraadopname aan die einde van die jaar het die volgende aan die lig gebring:

    - Handelsvoorraad R219 800
    - Skryfbehoeftes R540

7. 'n Nuwe werknemer, A. Archie, is op 16 Junie 2011 aangestel teen 'n salaris van R24 000 per maand. Aangesien die boekhouer nog nie Archie in die werknemersregister aangeteken het nie, is hy nie sy salaris vir 'n **halwe maand** betaal nie. Besonderhede van salarisaftrekkings is soos volg:

    - LBS is 28% van bruto salaris
    - Die werknemer betaal 8% van bruto salaris aan die Pensioenfonds
    - Die werkgewer dra 12% van die bruto salaris by tot die Pensioenfonds. Alle bydraes word teen Salarisse en Lone gedebiteer.
    - Alle betalings sal in Julie 2011 gemaak word.

8. 'n Spaar stoorkamer is die hele jaar aan 'n huurder verhuur. Die huurder het reeds die huur vir die volgende drie maande vooruit betaal.

9. Die leningstaat ontvang van Leaf Finansiers het die volgende getoon:

    - Saldo soos op 1 Julie 2010, R261 760
    - Maandelikse leningbetalings van R980 per maand
    - Rente moet gekapitaliseer word

10. Op 1 Maart 2011 het die onderneming 'n nuwe voertuig teen R60 000 aangekoop. Dit is reeds geboekstaaf.

11. Op 1 April 2011 is ou toerusting vir R32 000 kontant verkoop. Die boekhouer het die oordrag van die kosprys en die kontant ontvang, geboekstaaf, maar geen ander inskrywings is gemaak nie. Die toerusting is oorspronklik op 1 Julie 2008 aangekoop.

12. Waardevermindering word op alle toerusting teen 15% p.j. op kosprys bereken.

13. Die inkomstebelasting vir die jaar volgens die aanslag van SAID ontvang, het R210 000 beloop.

4.3 Die doel van die oudit van finansiële state is om die ouditeur in staat te stel om te verklaar of die finansiële state 'n redelike weergawe is, in alle materiële opsigte, van die finansiële posisie van 'n onderneming op 'n bepaalde tydstip.

4.3.1 Wie is verantwoordelik om seker te maak dat die finansiële state opgestel is? (2)

4.3.2 Aan wie doen die onafhanklike/eksterne ouditeur verslag? (2)

4.3.3 By die AJV (Algemene jaarvergadering) het een van die aandeelhouers aangedui dat hy nie gelukkig is met die woorde 'REDELIKE WEERGAWE' in die ouditverslag nie. Hy wil hê die ouditeure moet sê dat die finansiële state in alle opsigte korrek is. Watter verduideliking moet aan hierdie aandeelhouer verskaf word? Verduidelik. (3)

4.3.4 Hoekom is dit belangrik dat die oudit nie net moet voldoen aan die voorwaardes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet nie, maar ook aan die riglyne van die Internasionale Finansiële verslagdoening Standaarde (IFRS)? (3)

[70]

Hierdie moet 'n blanko bladsy wees

VRAAG 5

KONTANTVLOEI EN INTERPRETASIE **(80 punte; 48 minute)**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van THE ASHES BEPERK vir die jare geëindig Junie 2010 en Junie 2011. THE ASHES BEPERK het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele van R3 elk.

GEVRA:

5.1 Stel die volgende notas by die Kontantvloeistaat vir 2011 op:

5.1.1 Voltooi die versoening van wins voor belasting en kontant deur bedrywighede gegenereer. (7)

5.1.2 Dividende betaal (8)

5.2 Voltooi die kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 June 2011. (Toon berekeninge tussen hakies om deelpunte te verdien.) (25)

5.3 Alle nuwe aandele is op 1 Julie 2010 uitgereik.

5.3.1 Bereken die getal nuwe aandele uitgereik op 1 Julie 2010. (4)

5.3.2 'n Aandeelhouer het 1 200 aandele op 1 Julie 2010 gekoop. Hoeveel het hy in totaal vir die 1 200 aandele betaal? (6)

5.4 Verduidelik of die likiditeit van die maatskappy aanvaarbaar is of nie en verskaf TWEE redes vir jou antwoord. Verwys na die volgende verhoudings: (8)

	2011	2010
Bedryfskapitaalverhouding	2,5 : 1	0,79 : 1
Vuurproefverhouding	1,86 : 1	0,36 : 1

5.5 Bereken hoeveel dae die maatskappy in 2011 moes wag vir die debiteure om hulle skulde te vereffen. (Gebruik gemiddelde debiteure in jou berekening.) Behoort die maatskappy tevrede te wees met die aantal dae wat hulle moes wag vir debiteure om hul skulde te betaal? Gee 'n rede vir jou antwoord. (8)

5.6 Kontantvloeiprobleme word ondervind as gevolg van die laat betalings van debiteure. Dui TWEE maniere aan waarmee die bestuur die debiteure kan aanspoor om hul skulde vroeër te betaal. (4)

5.7 Bereken die opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang vir 2011. Is dit 'n redelike opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang? Gee TWEE redes om jou antwoord te staaf. (10)

Inligting

Inligting geneem uit die inkomstestate vir die jare geëindig 30 Junie 2010 en 30 Junie 2011

	2011	2010
Omset (ingesluit in die 2011-syfer is R852 640 kredietverkope)	1 217 640	1 201 200
Koste van verkope	811 760	800 800
Wins voor belasting	420 000	309 600
Waardevermindering	124 280	48 000
Inkomstebelasting	147 000	108 360
Rente op lening	19 500	24 000
Bedryfswins voor die veranderinge in bedryfskapitaal	563 780	381 600

Inligting geneem uit die Na-afsluitingsproefbalans op 30 Junie 2011

	2011	2010
Gewone aandelekapitaal (nominale waarde per aandeel R3)	1 260 000	600 000
Aandelepremie	190 000	80 000
Behoue inkomste	200 000	120 000
Langtermynlaste (15% p.j.)	100 000	160 000
Grond en geboue	798 980	409 120
Toerusting @ drawaarde	188 640	244 640
Voertuie @ drawaarde	276 800	369 080
Handelsvoorraad	206 900	126 700
Debiteurekontrole	128 300	105 300
Kontant	?	---
Oortrokke bank	---	20 000
Krediteurekontrole	175 520	181 060
Opgelope uitgawes	33 600	25 500
Suid Afrikaanse Inkomste Diens (inkomstebelasting)	5 220 (Kr)	8 280 (Kr)
Aandeelhouers vir dividende	108 000	60 000

Let wel:
'n Voertuig is teen drawaarde vir R24 000 verkoop, maar geen nuwe voertuie is aangekoop nie.
Geen toerusting is gedurende die jaar verkoop nie.

[80]

VRAAG 6

KONTANTBEGROTING **(30 punte; 18 minute)**

Zola Handelaars koop en verkoop 'n wye reeks sportgoedere aan klante.

GEVRA:

6.1 Bereken die totale verkope vir Augustus. (4)

6.2 Bereken die rentekoers op die lening van Helpu Bank. (5)

6.3 Die bestuur is nie seker of hul advertensieveldtog suksesvol was nie. Lewer kommentaar hieroor deur ten minste TWEE punte te bespreek. (4)

6.4 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule deur die ontvangstes vir slegs Augustus aan te toon. Let op dat ander kredietverkope bo en behalwe dié vir Augustus in die tabel ingesluit is. Jy sal ook die volgende in ag moet neem:

- 60% van verkope is op krediet
- 15% van verkope ontvang in die maand van verkope onderhewig aan 2% afslag
- 20% van verkope ontvang in die maand wat volg op die verkope.
- 48% van verkope ontvang in die tweede maand na verkope
- 5% van verkope ontvang in die derde maand na verkope.
- 12% word afgeskryf as oninbare skuld na 120 dae. (8)

6.5 Die eienaar voel dat die debiteure nie behoorlik bestuur word nie. Stem jy saam?

6.5.1 Verduidelik jou antwoord ten volle met ten minste TWEE punte om jou antwoord te staaf. (2)

6.5.2 Bespreek TWEE maatreëls wat hy kan instel om die situasie te verbeter. (2)

6.6 Dink jy die eienaar het rede tot kommer oor die kontantvloei van die onderneming? Bespreek deur syfers aan te haal om jou antwoord te staaf. (5)

INLIGTING:

LENING VAN HELPU BANK

Die lening van Helpu Bank is op 1 Julie 2011 ontvang. Rente sal maandeliks betaal word vanaf 1 Augustus 2011.

ZOLA HANDELAARS
KONTANTBEGROTING VIR DIE DIRE MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2011.

KONTANTONTVANGSTE	JUNIE	JULIE	AUGUSTUS
Kontantverkope	60 000	80 000	76 000
Kontant van debiteure	93 390	104 100	*
Huurinkomste	6 000	6 000	*
Lening van Helpu Bank		180 000	
Totale Ontvangste	**159 390**	**370 100**	**173 038**
KONTANTBETALINGS			
Kontantaankope	60 000	80 000	76 000
Kontant betaal aan krediteure	108 800	140 800	96 000
Rente op lening			2 175
Salarisse en lone	40 000	48 000	40 000
Advertensies	1 500	10 000	1 900
Diverse uitgawes	10 000	10 000	10 000
Totale betalings	**220 300**	**288 800**	**226 075**
Surplus/Tekort	(60 910)	81 300	(53 037)
Beginsaldo van bank	130 000	69 090	150 390
Eindsaldo van bank	**69 090**	**150 390**	97 353

DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

KREDIETVERKOPE		AUGUSTUS
Mei	R132 000	R 6 600
Junie	R90 000	R43 200
Julie	R120 000	*(A)
Augustus	*(B)	*(C)
Totaal		*(D)

30

TOTAAL: 300

EINDE